Oordenking.
4 November 2009.

Ons het verlede week daaroor gedink dat ons nog nie volmaak is nie. Hierdie week dink ons daaroor dat
Ons dit moet word, wat ons in Christus is.

Kyk na die volgende teksgedeeltes wat praat oor wie ons in Christus is:
(Kol 3: 9-10) Julle het met die ou, sondige mens en sy gewoontes gebreek. Leef nou die lewe van die nuwe mens.
(Ef 5: 8) Vroeër was julle die ene duisternis, maar nou in die Here is julle lig. Leef dan as mense van die lig.
(Rom 6: 11) Julle moet dus altyd onthou dat ook júlle vir die sonde dood is, maar vir God lewe.
(Rom 6: 2,4) Hoe kan ons wat dood is vir die sonde, nog daarin voortlewe? Ons is opgewek om ook 'n nuwe lewe te kan lei.
(2 Kor 5:17) Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom

Oor en oor roep die Bybel God se kinders op tot ‘n nuwe lewe, omdat ons in Christus en deur die werk van die Heilige Gees van die slawerny van sonde verlos is. In Christus is ons nuutgemaak en word ons daagliks vernuwe. In Christus is die ou mens vernietig.

Dink na oor wat die Bybel sê ons in Christus is: ‘n nuwe mens; opgewek saam met Christus, lig in die Here, lewend vir God en ‘n nuwe skepping. Die nuwe skepping in Christus haat sonde, strewe na heiligheid en het Christus se opstandingslewe ontvang. Die nuwe mens wat ons in Christus is, is vervul met die Heilige Gees.

Maar as dit alles waar is - en dit is – waarom doen Christene dan nog steeds slegte goed? As ons in Christus ‘n nuwe skepping is, waarom tree ons dikwels soos die ou skepsel op? Waarom lyk dit baie keer of ons eerder dood is vir God en lewe vir die sonde, as andersom?

Die Bybel sê dis as gevolg van die “vlees”. Dit beteken, dis as gevolg van ons swakke menslikheid. En die menslikheid klou aan al ons werke – selfs ons beste werke vir die Here.

Wat gebeur? In ons menslikheid is daar ‘n sluimerende voorkeur vir die sonde wat onverwags vurig uitbars. Dit gryp ons kragtig vas en ‘n geheime smeulende vuur breek in vlamme uit. Dit maak nie saak of dit sondige ambisie, of hoogmoed, of slegte begeertes of gierigheid, of selfsugtigheid en jaloesie of ‘n humeur buite beheer is nie. Soms neem hierdie slegte voorkeure van ons sondige menswees eenvoudig oor! God word vergeet en al wat vir ons ‘n werklikheid is, is die begeerte om te sondig. Ons gevoelens en ons gedagtes word deur die duisternis oorval en ons verloor die krag om weerstand te bied. .

‘n Christen is ‘n newe mens, opgewek saam met Christus. ‘n Lig vir die wêreld en lewend gemaak vir God. Maar selfs dan bly ons sonde niks anders as sonde nie. Ook in ‘n Christen haat God die sonde, want ons behoort van beter te weet!

Daarom moet ons hierdie vyand – ons menslike sondigheid - wat steeds in ons is, beveg met alles wat ons kan!

God verwag van ons om teen ons sondige aard te stry:
(Kol 3: 5,12) Daarom moet julle die aardse dinge doodmaak wat nog deel van julle lewe is: onsedelikheid, onreinheid, wellus, slegte begeertes, en gierigheid, wat afgodery is. Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie lief het. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees.

God wil hê ons moet dit word wat Hy ons verklaar het om in Christus te wees. ‘n Nuwe mens wat saam met Christus opgewek is tot ‘n nuwe lewe. Ons almal moet word wat ons reeds in Christus is:

Hoe doen ons dit?
Eerstens moet ons hieroor nederig word voor die Here. Ons het niks om op trots te wees nie en alles om ons klein voor die Here te laat wees. Volgens ons aard is ons nie beter as die ongelowiges nie en het ons God se hulp met ons sondige natuur net so nodig soos die ongelowiges. Ons kan ons sonde verdedig nie. Ons moet nederig daaroor wees.

Tweedens, moet Christene na die gekruisigde Christus toe vlug met hulle swakheid om te sondig. Ons moet besef dat ons Hom elke uur van elke dag nodig het. As wedergebore mense wat aanhou sondig weet ons wat Jesus ons bied: sy bloed, sy genade, sy krag en sy vergifnis.

Derdens, moet Christene bid. Ons moet bid: “Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose” Ons bid dat die Here ons oorwinning gee en ons sal vashou as ons weer in sonde wil val.”

Laastens moet elke Christen streef na heiligheid. Soos ‘n atleet beur na die wenpaal toe, moet ons alles inspan om aan God gehoorsaam te wees.

Dis wat die Here van ons verwag om te doen, sodat ons kan word wat ons reeds deur genade in Christus geword het: ‘n nuwe skepping wat saam met Christus uit die dood opgestaan het.
En triomfantlike Jesus sal in sy genade, die res doen.